

SOUTH AFRICA / JUDGMENT

Bibbey N.O v Dohne (4645/2014)

[2015] ZAFSHC 43 (5 March 2015)

[2015] ZAFSHC 43**COURT**

Free State High Court, Bloemfontein

BEFORE

Daffue

CASE / FILE NUMBER

4645/2014

Source: saflii.org · Research copy typeset by Esheria. Not court-issued or certified.

IN DIE HOë HOF VAN SUID-AFRIKA

VRYSTAAT AFDELING, BLOEMFONTEIN

Saaknommer.: 4645/2014

DATE: 05 MAART 2015

In die saak tussen:

LOUWRENS BIBBEY N.O.....Applikant

En

WILLEM JOHAN ODENDAAL DÖHNE.....Respondent

UITSPRAAK DEUR: DAFFUE, J

AANGEHOOR OP: 5 FEBRUARIE 2015

GELEWER OP: 5 MAART 2015

I INLEIDING

- [1] Dit is my taak om 'n onsmaaklike dispuut tussen die partye, twee boere van dieselfde distrik wat veronderstel is om in rus en vrede met mekaar saam te leef, te bereg. Dit hou verband met respondent se beweerde eierigting. Hy het volgens applikant die reg in sy eie hande geneem en applikant se besit en toegang tot die landerye op die plaas Holpan, distrik Frankfort, die eiendom van respondent, ontnem. Dit het nie net by een geleentheid gebeur nie, maar by twee geleenthede binne weke uitmekaar. Applikant het bygevolg twee spoliasie-aansoeke op 'n dringende basis binne dieselfde maand, Oktober 2014, van stapel gestuur. Dit was immers planttyd in die Frankfortdistrik.

- [2] Hierdie hof is tans geroepe om te oorweeg of die bevel nisi wat in die tweede spoliassie-aansoek uitgereik is, bekragtig behoort te word al dan nie. Voorts moet bepaal word of respondent voldoende redes aangevoer het waarom hy nie aan minagting van die hofbevel van 6 Oktober 2014 – uitgereik in die eerste spoliassie-aansoek - skuldig bevind en dienoreenkomstig gevonniss moet word nie. Respondent het ook ‘n teenaansoek geloods wat oorweging verdien.

II DIE PARTYE

- [3] Die applikant is Louwrens Bibbey N.O. in sy hoedanigheid as trustee van die Susara Magdalena Wilhelmina Odendaal Testamentêre Trust MT2575/99. Die respondent en eienaar van die plaas Holpan, distrik Frankfort is Willem Johan Odendaal Döhne. Adv N Snellenburg het namens applikant opgetree en Adv JG Gilliland namens respondent.

III DIE AANGEVRAAGDE REGSHULP

- [4] Op 22 Oktober 2014 het Van der Merwe, R die volgende bevel verleen in die tweede spoliassie-aansoek:

“1. Die applikant se nie-nakoming van die reëls en vorms word gekondoneer en die aansoek word as ‘n dringende aansoek aangehoor.

2. ‘n Bevel nisi word uitgereik wat die respondent oproep om op 20 NOVEMBER 2014 om 09h30 of so spoedig daarna as wat die advokate aangehoor kan word, redes te verskaf, indien enige, waarom die volgende bevel nie bekragtig moet word nie:

2.1 Dat applikant se besit van en toegang tot die landerye op die plaas Holpan herstel word.

2.2 Dat respondent gelas word om onmiddellik die draadheining op foto “C2” en pale en hek op foto “C1” wat deur die respondent aangebring is en wat die applikant se toegang tot die landerye op die plaas Holpan frustreer, te verwyder;

2.3 Wat die respondent oproep om redes aan te voer waarom hy nie skuldig bevind sal word aan minagting van die Agbare Hof se bevel gedateer 6 Oktober 2014 en ooreenkomstig die reg gevonniss sal word nie.

2.4 Wat die respondent gelas om die koste van die aansoek te betaal.

3. Paragrafe 2.1 en 2.2 hierbo sal dien as tussentydse bevel met onmiddellike werking hangende finalisering van hierdie aansoek.
4. Die aansoekstukke en bevel moet ingevolge die Hofreëls aan die respondent beteken word.”
- [5] Die aansoek is uitgestel en die bevel nisi verleng by ooreenkoms op meer as een geleentheid en is regsargumente uiteindelik deur my aangehoor op 5 Februarie 2015.

IV DIE DISPUUT: ‘n HISTORIESE OORSIG

- [6] Dit is nodig om nou reeds 'n historiese oorsig te gee van die aanloop tot die aanhoor van hierdie aansoek op 5 Februarie 2015 omdat ek die betrokke feite deeglik in oorweging sal neem om by my uiteindelijke bevindings te kom.
- [7] Die Frankfort/Corneliapad, die S758, loop verby respondent se plaas. Die enigste toegang vanaf hierdie pad na die plaas en respondent se lande is by wyse van 'n plaaspad wat na respondent se woning direk aan die noordekant daarvan geleë is. Daar was te alle tersaaklike tye geen hek aangebring op die plaaspad waar dit by die S758 aansluit nie.
- [8] 'n Stryery het ontstaan tussen die partye oor applikant se voortgesette besit en okkupasie van die lande op die plaas Holpan. Skynbaar het respondent 'n huurkontrak met 'n derde gesluit ten aansien van die lande met ingang van 1 September 2014, maar feit bly staan dat respondent applikant se reg tot besit ontken het tydens die eerste spoliassie-aansoek. Applikant, aan die ander kant, het die houding ingeneem dat die trust oor 'n geldige huurkontrak beskik en het voortgegaan om die lande gedurende September 2014 te bewerk met die oog op aanplanting van gewasse. Die brief van 12 September 2014 vanaf respondent se prokureur voorafgaande die eerste spoliassie-aansoek toon onder andere aan dat respondent sy reg uitoefen "...om sodanige Huurkontrak onmiddellik te kanselleer en besit van die eiendom te neem." Voorts word applikant ingelig dat hy "...onmiddellik moet stop om enigsins verder van die lande te bewerk." Hierdie houding word ook duidelik weerspieël en verwoord in die voorwaardelike teenaansoek wat respondent eventueel sou loods waarna spoedig verwys sal word. Op geen stadium voorafgaande die eerste spoliassie-aansoek is enige woord gerep oor respondent se bekommernis ten aansien van sy veiligheid of sy vee wat in die openbare pad gekom het of mag kom en die noodsaak om versperrings in die plaaspad aan te bring nie.
- [9] Op 1 en 2 Oktober 2014 het respondent 'n hek aangebring op sy plaaspad wat na die lande en sy plaashuis lei en net waar dit afdraai vanaf die S758. Die hek is met 'n ketting en slot gesluit. Voorts het respondent die plaaspad afgesper deur draad te span vanaf die grensdrade na die betrokke hek. Groot plaasimplimente is sodoende ook verhinder om die pad te gebruik omdat die hek te nou is vir sulke implimente. Respondent het geweier om 'n sleutel vir die slot aan applikant te verskaf nieteenstaande sy versoek. Daar was 'n dispuut hieroor, maar dis reeds beslis. Op daardie stadium was die lande reeds voorberei en applikant gereed om te plant. Onlangse reën het 'n gulde geleentheid daartoe geskep.
- [10] Op 6 Oktober 2014 het ek as diensregter 'n dringende aansoek aangehoor onder aansoeknommer 4437/2014. Die partye in daardie aansoek is dieselfde partye wat in die huidige aansoek voor my figureer. Ek het beslis dat die aansoek dringend was en het 'n bevel nisi uitgereik met keerdatum 6 November 2014. Paragrafe 2 en 3 van die bevel lees soos volg:

"2.1 Dat die applikant se besit van en toegang tot die landerye bekend as die plaas Holpan en soos bewerk deur die applikant in terme van die Huurooreenkoms gedateer 26 Junie 2012 (aanhangsels FV2 tot die funderende eedsverklaring) herstel word;

2.2 Dat die applikant se besit van die 10 meter Agrico Opvoubare Dis (anders beskryf as 'n skottel-grond-verwerkings-impliment) herstel word.

2.3 Dat die respondent, alternatiewelik die Balju van die Agbare Hof, gelas word om onmiddellik die heining, pale, hek, ketting en slot wat op of gedurende 1 en of 2 Oktober 2014 deur die respondent aangebring is en wat die applikant se toegang tot die landerye bekend asdie plaas Holpan soos bewerk deur die applikant in terme van die Huurooreenkoms gedateer 26 Junie 2012 verhoed, te verwyder.

2.4 Indien die respondent sou weier en of versuim om aan paragraaf 2.3 hierbo gehoor te gee, dat die applikant, in die teenwoordigheid en onder toesig van die Balju van die Agbare Hof, gemagtig word om onmiddellik die heining, pale, hek, ketting en slot (wat aangebring is soos voormeld), te verwyder.

2.5 Dat die respondent gelas word om die koste vn hierdie aansoek te betaal.

3. Pargrawe 2.1 tot 2.4 hierbo as tussentydse bevel sal geld met onmiddellike werking, hangende die afhandeling en uitkoms van hierdie aansoek.”

[11] Op 22 Oktober 2014 het applikant weer eens 'n spoliassie-aansoek gebring deurdat sy besit en toegang tot dieselfde lande op die plaas Holpan na bewering versteur is.

[12] Op 28 Oktober 2014 en dus nadat applikant reeds 'n tweede aansoek geloods het soos vermeld, het respondent sy opponerende beëdigde verklaring afgelewer in aansoeknommer 4437/2014 (die eerste spoliassie-aansoek) en ook terselfdertyd 'n voorwaardelike teenaansoek afgelewer. Respondent se verklaring bots nie net met die weergawe vervat in korrespondensie nie, maar is opsigself weersprekend. Hy ontken dat hy spoliassie gepleeg het en gaan sover om te beweer dat nuwe hekke aangebring is om die veiligheid op die plaas op te skerp. Dis ironies dat hierdie aspek nooit in die voorafgaande korrespondensie genoem is nie. Respondent weerspreek homself deur eerstens die foto's wat applikant van die hek geneem het en duidelik die ketting en slot aandui, te ontken en ook te vermeld dat nie hy of sy seun die betrokke hek gesluit het nie. Tog meld hy twee paragrawe later dat die “hek, ketting en slot is aangebring vir die opskerp van die veiligheid op die plaas – en definitief nie opgerig is in 'n poging om spoliassie te pleeg nie.” Dis egter duidelik uit die voorwaardelike teenaansoek dat respondent aanspraak gemaak het op die onmiddellike ontruiming van applikant en die verwydering van al sy implimente vanaf respondent se plaas. Sy saak was immers dat applikant nie op sy plaas hoort nie en dat hy reeds 'n ander huurkontrak met 'n derde gesluit het met ingang van 1 September 2014.

[13] Op 6 November 2014 is die bevel nisi onder aansoeknommer 4437/2014 bekragtig, respondent gelas om die koste van die aansoek te betaal en is die voorwaardelike teenaansoek met koste van die hand gewys.

[14] Respondent het eers op 21 November 2014, dit wil sê na die aanvanklike keurdatum in aansoek 4645/2014 – die tweede spoliassie-aansoek - sy beantwoordende beëdigde verklaring afgelewer. Terselfdertyd is daar weer eens 'n teenaansoek afgelewer. Hierdie laat-liassering

het veroorsaak dat die aansoek uitgestel en die keurdatum verleng is ten einde onder andere geleentheid te gee vir die liassering van 'n repliserende beëdigde verklaring wat op 9 Desember 2014 afgelewer is. Dit is in wese respondent se verweer in die tweede spoliassie-aansoek dat geen spoliassie gepleeg is nie. As gevolg van die feit dat die hek by foto C2 op die betrokke plaaspad voortdurend oopgelaat is, het hy geen keuse gehad om dit met draad toe te span om

te voorkom dat sy vee op die openbare pad beland. Hierdie aspek was ontersaaklik in die eerste spoliassie-aansoek. Volgens respondent kon applikant steeds die lande bereik deur die hek op foto C1. Dit is duidelik, soos wat applikant beweer, dat hierdie betrokke hek slegs toegang tot sekere lande verleen en dat dit onmoontlik is vir vragmotors om daar in te draai as gevolg van 'n gebrek aan 'n behoorlike draaisirkel. Die motorhek op foto C2 het beslis geen gewone hek naasliggend daartoe soos wat respondent beweer nie. Die foto's is vanselfsprekend. Respondent het nie die hek langs die motorhek toegespan met draad nie, bloot omdat daar nie so 'n hek bestaan nie. Wat wel ooglopend is, is dat hy die gedeelte vanaf die motorhek tot die grensdraad toegespan het in so mate dat geen voertuie, vragmotors of plaasimplimente wat te breed is om die motorhek te gebruik, verder aan op die plaaspad kon beweeg in die rigting van respondent se plaashuis nie. Respondent se getuienis oor die beweerde toespan van die hek is leuenagtig. Dit is juis applikant se saak dat hy te alle tersaaklike tye toegang gehad het deur die opening langs die motorhek. Dit is ook aanduidend vanuit die foto's dat daar 'n duidelike pad bestaan ter bevestiging dat die pad langs die motorhek gereeld gebruik word. Die motorhek is blykbaar sowat 700 meter vanaf die hek waar die eerste spoliassie gepleeg is en op dieselfde plaaspad.

- [15] Alhoewel respondent nou skynbaar bereid is om applikant in sy lande te duld vir doeleindes van hierdie verrigtinge, hou sy verweer voorts in dat hy 'n alternatiewe roete na die lande aan applikant voorgestel het. Sy teenaansoek is ook daarop gemik dat hierdie hof applikant moet beveel om in die vervolg toegang tot die lande te verkry vanuit die noordelike kant van sy plaas – by punt B op sy skets, bylaag OPP1 - en deur die hek op foto C1. Ek het reeds met applikant se verduideliking gehandel insoverre dit toegang deur die hek op foto C1 betref. Applikant het verskeie foto's geneem van die pad vanuit die noordelike rigting en onder andere onder eed beweer dat dit 'n onpraktiese pad en ongeskik vir gebruik deur groot plaasimplimente is. Respondent kon hierop antwoord, maar het versuim om dit te doen.
- [16] In sy skriftelike betoogshoofde het Mnr Gilliland volhard met argumente dat geen spoliassie gepleeg is nie, dat die bevel nisi opgehef en die spoliassie-aansoek van die hand gewys behoort te word met koste en dat 'n bevel ooreenkomstig die teenaansoek toegestaan behoort te word. Hy het bygevolg ook aangevoer dat respondent nie skuldig is aan minagting van die hof nie en dat applikant nie geregtig is op enige regshulp in hierdie verband nie. Tydens die aanhoor van mondelinge argument het Mnr Gilliland uit die staanspoor en reeds toe die aansoek geroep is, toegegee dat respondent inderdaad spoliassie gepleeg het en dat hy nie bereid is om

enige argumente aan te bied om die hof tot die teendeel te probeer oortuig nie. Hierdie toegewing is korrek en bo alle kritiek verhewe met inagneming van die een toegewing deur Mnr Snellenburg gemaak waarna ek later sal verwys. Dit sal egter steeds vir my nodig wees om alle relevante feite in ag te neem ten einde te bepaal of respondent hom wel skuldig gemaak het aan minagting van die hof. Mnr Gilliland het ook volhard met die teenaansoek op die basis dat dit wel ontvanklik is niteenstaande die aard van die proses wat applikant van stapel gestuur het.

V DIE WESENLIKE FEITE BUIITE GESKIL

- [17] Sekere feite onder hierdie opskrif vermeld mag op herhaling neerkom, maar ek bekemtoon dat dit buite geskil is. Soos vermeld het ek op 6 Oktober 2014 'n bevel nisi uitgereik met onmiddellike werking. Die volgende dag is die hofbevel en aansoekstukke aan die respondent beteken en is applikant se vrye en ongestoorde toegang tot die lande op die plaas Holpan herstel insoverre dit die toegangshek in die betrokke aansoek behels.
- [18] Enkele dae na verlening van die hofbevel van 6 Oktober 2014 het respondent 'n opening langs die motorhek op die plaaspad op die plaas Holpan deur welke opening groot vragmotors en landbou-implimente toegang verkry het vanweë die feit dat hierdie vragmotors en implimente te breed is om deur die motorhek toegang te kry, met draad en pale toegespan. Die motorhek is slegs toeganklik vir gewone voertuie en nie vir breë landbou-implimente en vragmotors nie. Sodoende is toegang weer eens versper. Respondent het in sy beantwoordende beëdigde verklaring beweer dat die hek op foto C2 met draad toegespan is. Die motorhek is nie toegespan nie en daar is nie 'n gewone hek langs die motorhek nie. Vanweë die toegewing dat spoliassie gepleeg is aanvaar ek applikant se weergawe en is hierdie aspek myns insiens gemeensaak. Respondent het beweer dat hy die bestaande hek op foto C2 toegespan het om te voorkom dat sy vee in die openbare pad kom, maar dit is so verwerplik dat dit in die lig van Plascon-Evans verwerp kan word as vals. Al die betrokke fotos van die toneel, hetsy geneem en aangebied deur applikant, of deur respondent, toon duidelik aan dat die pad langs die motorhek baie meer gebruik word deur voertuie as die pad wat deur die motorhek loop. Tewens, respondent se bewering dat hy die hek met draad toegespan het word weerspreek deur die objektiewe getuienis. Nóg die foto waarop hy steun, nóg die foto wat applikant aangebied het, toon enigsins 'n hek langs die motorhek.
- [19] Die toespan van die gedeelte langs die motorhek met draad en pale het op respondent se weergawe plaasgevind tussen 7 en 11 Oktober 2014 en voordat die hofbevel verleen is. Dit is natuurlik van alle waarheid ontbloot deurdat die hofbevel reeds op 6 Oktober 2014 verleen is, die aansoekstukke vooraf by respondent se prokureur afgelewer is op Saterdag 4 Oktober 2014 en die hofbevel en aansoekstukke deur die balju aan respondent beteken is op 7 Oktober 2014.
- [20] Respondent het voorafgaande die loods van die tweede spoliassie-aansoek korrespondensie gevoer met applikant deur middel van hul prokureurs en het hy onder andere aangebied dat applikant 'n alternatiewe roete gebruik om by die lande op die plaas Holpan uit te kom.

[21] Die teenaansoek is ook daarop gemik dat respondent gemagtig word om weer eens draad te span en ysterpale te plant langs die motorhek soos wat hy gedoen het na verlening van die bevel nisi in die eerste spoliassie-aansoek en welke optrede die tweede spoliassie-aansoek genoodsaak het. Applikant het in die repliserende beëdigde verklaring wat ook gedien het as opponerende beëdigde verklaring tot die teenaansoek insoverre die hof bereid sou wees om die teenaansoek aan te hoor, dit duidelik gemaak dat die alternatiewe roete geheel en al onprakties en nie beskikbaar is om gebruik te word deur groot plaasimplimente nie. Ten einde toegang tot die plaas op hierdie wyse te bekom moet van 'n totaal en al ander openbare pad aan die noordekant van respondent se plaas in stede van die suidekant daarvan gebruik gemaak word. Nog nooit in die sewe jaar wat applikant die lande op die plaas Holpan bewerk en dus ongestoorde besit van die lande gehad het, was van hom verwag om hierdie pad te gebruik nie. Anders as wat verwag kon word

het respondent nie hierop geantwoord soos wat hy geregtig was om te doen nie.

VI SPOLIASSIE

[22] Dit is onnodig om die regsbeginsels met betrekking tot spoliassie volledig uiteen te sit. Nie alleen het respondent op sy eie weergawe spoliassie erken nie, maar het sy advokaat ook uiteindelik en tereg toegegee dat spoliassie gepleeg is. Dit is egter wenslik dat daarop gewys word dat die feite wat veral op die eerste spoliassie-aansoek van toepassing is, eintlik verbasend nou verband hou met die feite in *Nienaber v Stuckey* 1946 (AD) 1049, die toonaangewende uitspraak van sewe dekades gelede. Daar was ook in daardie geval 'n dispuut oor die applikant se kontraktuele regte en het die respondent ook besluit om applikant se toegang tot die lande te verhoed deur 'n hek te sluit. Dit het gebeur nadat die lande reeds bewerk is en voordat applikant na die

lande teruggekeer het om te plant. Die mandament van spolie is 'n robuuste remedie teneinde die status quo ante te herstel waar die applikant onregmatig van sy ongestoorde besit ontnem is. Die onderliggende meriete van die reg op besit is onttersaaklik by beoordeling van die aansoek. Die fundamentele doeleinde is immers om 'n remedie daar te stel om eierigting of "self-help"

te verbied. Dit word van 'n applikant in sulke aansoeke verwag om die basis van sy reg op besit te identifiseer sonder om 'n etiket daaraan te heg, maar dit kan ook uit die feite verskaf in die aansoek blyk. Die identifisering van die reg moet egter onderskei word van 'n aanspraak dat die reg bestaan of dat dit regmatig in die applikant setel. Sien: *Van Rhyn NNO v Fleurbaix Farm (Pty) Ltd* 2013 (5) SA 521 (WCC) te para [8]. Vergelyk ook 'n ander onlangse uitspraak, *Gowrie Mews Investments v Calicom Trading* 54 2013

(1) SA 239 (KZD) waar die respondent se verweer was dat die versperring van een ingang na die bekende LM Grill restaurant in Umhlanga Rocks, terwyl daar ook 'n ander ingang bestaan het wat gebruik kon word, nie op spoliassie neergekom het nie. *Gorven R* het te paras

[17] tot [20] van die uitspraak na my oordeel tereg bevind dat spoliassie wel gepleeg is.

[23] In casu het die respondent nie net een keer nie, maar 'n tweede keer spoliëering gepleeg deur nie weer dieselfde hek wat hy vantevore opgerig en gesluit het, te sluit nie, maar deur die oprigting van 'n versperring oor dieselfde pad, 'n paar honderd meter verder. Hierdie keer is die verweer nie weer op die nie-bestaan van die huurkontrak gebaseer nie, maar in besonder op veiligheid en privaatheid en 'n ander beskikbare toegangsroete. As die respondent bereid was om die gekke regsbeginsels in ag te neem kon twee bestrede aansoeke met gepaargaande regskoste verhoed word. Daar is na my oordeel geen rede waarom die bevel nisi nie bekragtig behoort te word met betrekking tot paragrawe 2.1 en 2.2 daarvan nie, met dien verstande dat die volgende woorde in paragraaf 2.2 geskrap moet word:

“... en pale en hek op foto C1”

In die lig van die getuienis deur respondent aangebied het Mnr Snellenburg namens aplikant tereg toegegee dat insoverre respondent slegs 'n nuwe hek en pale op die plek van 'n bestaande hek aangebring het, respondent nie spoliëering in daardie opsig gepleeg het nie.

VII MINAGTING VAN DIE HOFBEVEL

[24] Die vereistes waaraan voldoen moet word alvorens respondent aan minagting van die hof skuldig bevind kan word is bondig saamgevat deur Cameron AR in *Fakie NO v CCI Systems (Pty) Ltd* [2006] ZASCA 52; 2006 (4) SA 326 (HHA) te para [42] en ek haal aan:

“[42] To sum up –

- (a) The civil contempt procedure is a valuable and important mechanism for securing compliance with court orders, and survives constitutional scrutiny in the form of a motion court application adapted to constitutional requirements.
- (b) The respondent in such proceedings is not an ‘accused person’ but is entitled to analogous protections as are appropriate to motion proceedings.
- (c) In particular, the applicant must prove the requisite of contempt (the order; service or notice; non-compliance; and wilfulness and mala fides) beyond reasonable doubt.
- (d) But, once the applicant has proved the order, service or notice, and non-compliance, the respondent bears an evidential burden in relation to wilfulness and mala fides; Should the respondent fail to advance evidence that establishes a reasonable doubt as to whether non-compliance was wilful and mala fide, contempt will have been established beyond reasonable doubt.
- (e) A declarator and other appropriate remedies remain available to a civil applicant on proof on a balance of probabilities.”

- [25] Die doel van minagtingsverrigtinge is eenvoudig om die hof se eer en waardigheid te verseker deur die nakoming van hofbevele af te dwing. Dit is in die openbare belang dat hofbevele eerbiedig word. Die volgende aanhaling uit die uitspraak in Laubscher v Laubscher 2004 (4) SA 305 (T) te 357 word met eerbied ondersteun:

“It is also said that, where the judiciary cannot function properly, the rule of law must die. To protect this, special safeguards have been in existence for many centuries, one of these being civil contempt of court.”

- [26] Die hofbevel van 6 Oktober 2014 het tussentydse werking gehad op die stadium toe dit oortree is. Respondent het kennis daarvan gehad deurdat die bevel tesame met die aansoekstukke op 7 Oktober 2014 aan hom beteken is, maar desondanks die feit dat hy deurgaans deur ‘n prokureur verteenwoordig is, het hy voortgegaan om die hofbevel te verontagsaam deur bloot die betrokke plaaspad ‘n ent verder toe te span.
- [27] Die vraag wat beantwoord moet word is of respondent die hofbevel opsetlik en mala fide verontagsaam het en of hy nie moontlik voldoende redes aangevoer het om redelike twyfel daar te stel nie. Dit moet in ag geneem word dat applikant bo redelike twyfel moet bewys dat respondent hom aan minagting van die hof skuldig gemaak het. Daar is in die bepaalde omstandighede ‘n weerleggingslas op respondent om aan te toon dat hy nie opsetlik en mala fide opgetree het toe hy die hofbevel oortree het en niks meer as dit nie.
- [28] Respondent se bewerings uiteengesit in die opponerende beëdigde verklaring in hierdie tweede spoliassie-aansoek is duidelik weersprekend van die houding wat hy ingeneem het in die eerste spoliassie-aansoek. Op daardie stadium het hy die houding ingeneem dat applikant nie op sy grond hoort nie en het hy in die voorwaardelike teenaansoek inderdaad ‘n verbiedende interdik in hierdie verband aangevra.
- [29] In hierdie tweede spoliassie-aansoek blyk dit dat respondent onder andere beweer dat die “privaat pad” vir sy eie veiligheid afgespan is, maar daarbenewens word ook beweer dat die betrokke hek wat hy op sy weergawe toegespan het, voortdurend oopgelos is en veroorsaak het dat sy vee in die openbare pad kom. Hoe respondent sy veiligheid kan verseker of die risiko van gevaar kan verhinder deur sy optrede is ondenkbaar. Daar is geen veiligheidsomheining rondom sy woonhuis nie. Padverkeer deur gewone voertuie en menslike beweging gaan nie uitgeskakel word nie. Die motorhek is immers steeds daar om deur enige mens – rower, moordenaar of vredsamese besoeker – gebruik te word.
- [30] Die respondent het hom ooglopend nie gesteur aan die eerste hofbevel nie en het klaarblyklik opgetree in eierigting, opsetlik en mala fide, ten einde dit vir applikant onmoontlik te maak om ongestoorde besit ten aansien van die lande op Holpan uit te oefen. Volgens Mnr Gilliland sou respondent nie met voorstelle aangaande ‘n alternatiewe roete vorendag gekom het as hy die hofbevel opsetlik en mala fide wou verontagsaam nie. Ek is tevrede dat respondent na my oordeel ‘n rookskerm probeer voorhou en dat indien die hele geskiedenis van die dispuut sedert Julie 2014 in konteks beskou word, hy hom nie van sy weerleggingslas gekwyt het nie.

- [31] Die aanbied van 'n alternatiewe roete is niks anders as 'n nagedagtenis ten einde die gevolge van 'n minagtingsaansoek te probeer voorkom nie. Die teenaansoek is nie bona fide nie. Die motivering daarvoor is klaarblyklik om minagting van die hof te ontduik. Die respondent het ten doel om die lewe vir applikant so moeilik as moontlik te maak en hy sal so ver as moontlik gaan om die gebruik van die lande ongerieflik en onprakties, indien nie onmoontlik, te maak. Respondent het geen redelike twyfel by my laat ontstaan nie en ek is tevrede dat hy hom bo redelike twyfel skuldig gemaak het aan minagting van die hofbevel van 6 Oktober 2014.
- [32] Geen suggestie is in my midde gelaat met betrekking tot die tipe vonnis wat opgelê behoort te word nie en sal ek derhalwe in my diskresie 'n vonnis oplê wat voldoende afskrikkingswaarde sal meebring. Gegewe die feit dat applikant die eienaar is van onroerende eiendom en waarskynlik enige redelike boete opgelê te word met gemak sal kan betaal, is ek van oordeel dat die enigste gepaste vonnis onder die omstandighede wat die hof se misnoë sal beklemtoon en as 'n aansporing sal dien aan respondent om in die toekoms hofbevele te gehoorsaam, gevangenisstraf is. Ek sal egter die gevangenisstraf in geheel opskort op 'n gepaste voorwaarde in die hoop dat respondent hom in die toekoms van eierigting sal weerhou.

VIII DIE TEENAANSOEK

- [33] Die teenaansoek het geen meriete nie. Dit is onhoudbaar en/of prematuur. 'n Respondent kan nie deur gebruik te maak van 'n teenaansoek probeer om 'n applikant wat deur hom gespolieër is, se regte te ontnem nie. So 'n applikant is geregtig dat die status quo ante eers herstel word voordat enige dispute met betrekking tot die meriete aangespreek word. Ek neem kennis van Mnr Gilliland se argument dat die eerste hofbevel nie aangeval word en dat die regshulp daarkragtens verleen nie met die teenaansoek in gedrang kom nie en ook dat weens die minagtingsaansoek respondent geregtig is om hom volledig te verweer en ook substantiewe regshulp aan te vra wat hy nie noodwendig sou kon doen indien slegs 'n spoliassie-aansoek gebring is nie. Myns insiens sal so 'n praktyk die hele doel van spoliassie wat 'n spoedeisende en robuuste remedie is, verydel. Mnr Gilliland het gesteun op *Street Pole Ads Durban (Pty) Ltd and Another v Ethekwini Municipality* [2008] ZAGPHC 33; 2008 (5) SA 290 (SCA), maar myns insiens is die beslissing nie gesag vir sy argument nie. Vergelyk paras [14], [15] en [16]. 'n Uitsondering op die reël was van toepassing in gemelde saak omdat die applikant wyer gegaan het as om bloot op spoliassie te steun en ook 'n interdik aangevra het ten aansien van "all the 'various street poles in the Ethekwini metropolitan area' covered by the disputed agreements." Binne enkele dae na die bring van die aansoek in die hof a quo is die saak geskik met betrekking tot die spoliassiebewerings en is die geveg voortgesit ten aansien van applikant se aanspraak op regte voortspruitend uit die betwiste ooreenkomste. Vergelyk ook *Van Rhyn NNO v Fleurbaix Farm* loc cit te para [8].
- [34] Feite sou wel voor die hof geplaas kon word om aan te toon dat die respondent nie mala fide en opsetlik was toe hy die hofbevel verontagsaam het nie, maar hy sou nie verder as dit kon gaan nie. Selfs al is ek verkeerd met my benadering is daar in elk geval nie 'n behoorlike

saak op die stukke uitgemaak om enige regshulp ten aansien van die teenaansoek te verleen nie. Daar is duidelike feitegeskille met betrekking tot die alternatiewe roete wat aangebied word en het respondent ook versuim om te repliseer op applikant se repliserende beëdigde verklaring (wat ook as opponering tot die teenaansoek gedien het) soos wat hy sou kon doen. Ek is nie bereid om met die feitegeskille waarmee ek gekonfronteer is 'n bevel in respondent se guns te maak nie.

Ek aanvaar in applikant se guns dat die alternatiewe roete nie geskik is vir groot landbou-implimente en vragmotors nie en dat dit tot sy uiterste nadeel sal wees indien hy gelas sou word om daardie roete te gebruik. Dit blyk ook duidelik uit die foto's wat applikant aangeheg het. Applikant se weergawe is nie "far-fetched", onwaarskynlik of andersins verwerplik nie en word op die basis van die riglyne in Plascon-Evans aanvaar. Die gesag waarna Mnr Gilliland verwys het en wat betrekking het op serwitute moet in konteks gesien word. In *Van Rhyn and Others NNO v Fleurbaix Farm (Pty) Ltd* loc cit het die volbank bevind dat 'n via simpliciter ter sprake was, dat die eienaar van die dienende eiendom die reg gehad het om die roete oor sy eiendom te bepaal, ook die reg gehad het om die roete te wysig, maar op voorwaarde dat dit nie benadelend vir die eienaar van die heersende eiendom is nie. In casu is dit juis applikant se saak dat die alternatiewe roete tot sy nadeel sal wees en daardie weergawe het ek reeds aanvaar. Selfs al sou die beginsel met betrekking tot serwitute hier toegepas kon word, wat ek nie hoef te beslis nie, kan die teenaansoek nie slaag nie.

IX KOSTE

[35] Die kennisgewing van mosie maak nie voorsiening vir koste op die skaal soos tussen prokureur en kliënt nie, maar bloot vir 'n gewone kostebevel. Dit geld ook die bevel nisi wat hierin uitgereik is. Mnr Snellenburg het in sy geskrewe hoofde en ook in mondelinge betoog aangedring op prokureur en kliënt koste. Suksesvolle litigante is gewoonlik "out of pocket" indien gewone party en party kostebevele verleen word, welke bevele aan die orde van die dag is. Alhoewel respondent skuldig is aan minagting van die hof meen ek tog dat daar nie meriete is om hom boonop te straf met 'n bestraffende kostebevel nie. Moontlik is ek onnodig benadelend teenoor applikant wat eintlik wat minagting betref, bloot maar 'n nuntius is om die hof in te lig van minagtende optrede. Tog het applikant steeds in eie belang opgetree omdat hy finale regshulp verlang het. Alhoewel 'n grensgeval, sal ek nie in my diskresie-uitoefening gehoor gee aan Mnr Snellenburg se pleidooi nie. Dit kon dalk anders

gewees het as applikant uit die staanspoor aanspraak gemaak het op 'n bestraffende kostebevel. Respondent sou dan daarmee kon handel onder eed en dit kon ook dalk veroorsaak het dat die dispuut 'n totaal ander wending geneem het. Soos sake nou staan, is respondent verras deur applikant se aanspraak en is dit net niks minder as billik om slegs gewone kostebevele te verleen nie.

X REGSHULP

[36] Bygevolg word die volgende bevel gemaak:

1. Die bevel nisi van 22 Oktober 2014 met die uitsluiting van die woorde “en pale en hek op foto C1” in paragraaf 2.2 word bekragtig met koste.
2. Respondent word skuldig bevind aan minagting van die hofbevel van 6 Oktober 2014 uitgereik onder aansoeknommer 4437/2014.
3. Respondent word gevonnissen tot drie maande gevangenisstraf, welke gevangenisstraf in geheel opgeskort word op die volgende voorwaarde:
 - Respondent moet te alle tersaaklike tyd en solank as die regshulp verleen in aansoeke 4437/2014 en 4645/2014 van krag is, daardie bevel stiptelik nakom en hom daarvan weerhou om applikant se ongestoorde besit van die lande op die plaas Holpan, distrik Frankfort, te versteur.
4. Die teenaansoek word van die hand gewys met koste.

J. P. DAFFUE, J

Namens die applikant: Adv. N. Snellenburg

In opdrag van: Phatsoane Henney

BLOEMFONTEIN

Namens die respondent: Adv. J. G. Gilliland

In opdrag van: Schoeman Maree

Source & reproduction note

Judgment wording, source notices and original paragraph numbers are retained. Esheria supplies the layout and this PDF's page numbers; these are not the source pagination. This is a research copy, not an official or certified court document. Check quotations, citations and publication restrictions against the original source before relying on it.

ORIGINAL SOURCE <https://www.saflii.org/za/cases/ZAFSHC/2015/43.html>

CASE PAGE <https://chat.esheria.ai/case-law/south-africa/bibbey-no-v-dohne-unknown-topic-afshc-2015>

Prepared on 14 October 2026 · Esheria